# VERSLAG: VERGADERING OOR DIE OPLEIDING VAN GESKIEDENISONDERWYSERS — UNISA: *14 JUNIE 1985*

Oor die honderd afgevaardigdes van oor die hele land en verteenwoordigend van alle bevolkingsgroepe en instansies betrokke by die opleiding van geskiedenisonderwysers het op 14 Junie op die kampus van Unisa vergader. Nadat die rektor van die Onderwyskollege Goudstad, prof. P J van der Merwe, die aanwesiges verwelkom het, is daar vier referate gelewer. Afgevaardigdes kon ook informeel gesels en saam 'n heerlike middagete nuttig. Dit alles het daartoe bygedra dat die gevoel posgevat het dat die voorgestelde vereniging vir die opleiding van geskiedenisonderwysers 'n nuttige funksie kan vervul. Om die dag verder op te luister, (al was dit met 'n tikkie hartseer) is daar afskeid geneem van prof. F A van Jaarsveld; in hierdie geval as kampvegter van Geskiedenis as skoolvak.

Wat die referate betref, het prof. Kapp met 'n prikkelende voordrag oor die samewerking tussen onderwysdepartemente, universiteite en onderwyskolleges ingelei.

Prof. Kapp accentuated inter alia that all three institutions had an interest and commitment to history. Continuing he stressed the importance of history as a discipline. What does this imply? — the understanding of man, the development of the intellectual skill of synthesis, the skill of formulation, the training of a memory and methodological skills, to mention a few features. Furthermore prof. Kapp stressed the importance of a sound academic training both in history proper and the method of history teaching. This is the only sound way to counter intellectual dullness. He urged educational departements to use their colleagues at universities more often to stimulate new ideas. On the other hand he reiterated also the necessity of discussions. He concluded by warning that we should rather consolidate the efforts to improve the position of history and not fall victim to a growing isolation.

As respondent het mnr. C Oosthuizen die fokus meer spesifiek op die onderwys vir Swartes laat val. Die knellende probleem hier is 'n baie groot gaping tussen die kwalifikasies van geskiedenisonderwysers. Hy beveel 'n interdepartementele vakkomitee aan wat sal bestaan uit verteenwoordigers van die verskillende bevolkingsgroepe. Hy breek 'n lansie vir sy Swart kollegas en betoog dat hulle "onder baie moeilike omstandighede geskiedenis moet onderrig. Hy moet 'n sillabus volg wat blanksentries en vol konflik is: enersyds tussen Europa en die res van die wêreld en andersyds tussen blank en nieblank. Dit maak dit uiters moeilik vir hom om objektief en met liefde die vak te onderrig."

Hierna is opleiding as weg tot vernuwing deur professor Trümpelmann en mej. Mulholland onder die loep geneem. (Hierdie voordragte word elders in hierdie uitgawe volledig gepubliseer).

Die noodsaaklikheid van 'n tersaaklike kernkurrikulum in die vakdidaktiek en akademiese dissipline is hierna deur dr. Stuart ingelei. Meneer Buckland het as respondent opgetree. Dié twee persone het redelik ingrypend verskil in hul onderskeie standpunte en 'n lewendige debat het gevolg. Stuart het begin deur op verskillende "akkommodasie"-modelle vir die vakdidaktiek Geskiedenis te wys. Hy besluit: "Vir kurrukuleringsdoeleindes is dit onaanvaarbaar om die twee vakgebiede (Geskiedeniswetenskap en Didaktiek) as twee teenoorgestelde wetensgebiede te beskou. Die oplossing lê eerder daarin dat die beginsels uit elk van hierdie twee wetensgebiede inspelend en nie geisoleerd of kompeterend op 'n besondere wyse binne die skoolvakdidaktiek Geskiedenis tot uiting moet kom." Hierna het hy dit betreur dat teoretiese geskiedenis nog hier te lande afgeskeep word, omdat 'n filosofiese begronding in die eie aard van die vak noodsaaklik is. Hierna kan, uitgaande van die formulering van vakspesifieke doelstellings en doelwitte 'n vakdidaktiese kernkurrikulum geskep word. Hy noem die volgende twaalf kerntemas:

1. Die eie aard, struktuur en beginsels van die skoolvak Geskiedenis
   - 1.1 Die filosofie van geskiedenis
   - 1.2 Die Geskiedenisteorie (Historiek)
   - 1.3 Die Geskiedskrywing (Historiografie)
   - 1.4 Die Geskiedenisdidaktiek.
2. Doelstellings in die skoolvak Geskiedenis
   - 2.1 Algemene uitleg van doelstellings
   - 2.2 Sillabusdoelstellings
   - 2.3 Spesifieke leerdoelwitte in die skoolvak Geskiedenis.
3. Reduksie van die leerinhoud.
4. Die verband tussen inhoud, vorm en modaliteite in die skoolvak Geskiedenis.
5. Die vormlike beplanning in die skoolvak Geskiedenis
   - 5.1 Didaktiese grondvorme
   - 5.2 Metodologiese beginsels
   - 5.3 Metodes.
6. Onderwysmedia.
7. Die lesverloop in die skoolvak Geskiedenis.
8. Lesvoorbeelde.
9. Funksionalisering.
10. Evaluering in die skoolvak Geskiedenis.
11. Administratiewe en organisatoriese aangeleenthede in die skoolvak Geskiedenis
    - 11.1 Voorbereiding en verslaglewering
    - 11.2 Die werkskema
    - 11.3 Vakbeleid.
12. Praktiese onderwys.

In his response Buckland differed: "this calls for a core curriculum on the grounds that one of the basic problems underlying the present decline in school history arises from the existing core syllabus for the schools." According to him another core curriculum would only aggravate the situation. He argued further that the question whether school method belonged to History Science or

Didactics was to him a non question — a lower order administrative problem.

Secondly Buckland argued "I have one fundamental problem with Dr Stuart's proposed core curriculum: Where is the history?"


In the third instance it was argued "that there is no consensus on the necessity for a core curriculum for the training of history teachers among education and history academics."

The rest of his response centered round a short explication on what he claimed "is a subconscious symptom of a deeper ideological malaise" responsible for the decline of history as a school subject. He concluded with the hope that this proposed association will signal the reopening of a genuine and meaningful dialogue in which conflicts can be aired and critical insights exchanged."

Na middagete het mnre. Wright en Dreyer dit gehad oor die beroepsmoontlikhede van die geskiedenisonderwyser. Albei persone het die fokus dan ook op die beroepsmoontlikhede van die vak Geskiedenis geplaas. Wright beklemtoon egter die feit dat die fokus egter eerder moet val op die vormende waarde van Geskiedenis met die oog op die kind se volwassewording. In dié verband het geskiedenis 'n unieke posisie mits die fokus nie op die feite val nie. 'n Probleemoplossende metode kan volgens Wright baie help om die vormende potensiaal van die vak tot sy reg laat kom. Dreyer onderstreep die feit dat die toekoms van die vak by die inspirerende onderwyser lê. Hy besluit: "Dit is ontmoedigend om te weet dat net 28% van die st. 10-leerlinge wat die T.O.D.-eksamen skryf geskiedenis aanbied, maar dit is darem bemoedigend om te weet dat 70 van die 245 hoofde van die sekondêre skole onder die TOD, geskiedenis as hoofvak geneem het. Is dit nie 'n bewys van die beroepsmoontlikhede van die geskiedenisonderwyser en die vak geskiedenis nie?"

**Society for the training of history teachers almost a reality**

There was widespread enthusiasm for the idea of a Society of this nature. It was felt that a closer interaction between the different institutions and groups involved should be established. Accordingly a pilot committee consisting of prof. M H Trümpelmann (RAU), dr. F J Stuart (UNISA) and mr. J M L Horn (GOK) was elected to procede with the drafting of a concept constitution and the planning of the administrative arrangements. It is hoped that the proposed society will be a reality in 1986.



*'n Groepbespreking tydens die Konferensie.*

'n Geskiedenisonderwyser wat nie 'n lesende onderwyser is nie, en nie op hoogte bly met die inhoud van nuwe wetenskaplike werke binne en buite Suid-Afrika nie, kan nie 'n suksesvolle of goeie geskiedenisonderwyser genoem word nie. Dit geld nie net die inhoud van die vak nie, maar ook wetenskaplike of opvoedkundige werke oor die psigologiese voorvereistes vir die onderrig daarvan, werke oor die didaktiek en metodiek van die geskiedenisonderrig, asook werke van geskiedenisteoretiese of -filosofiese aard. Bestaande kennis in die handboek behoort voortdurend aangevul te word met kennis oor die jongste bevindinge en bydraes van die vakhistorici. Gedetailleerde kennis stel die onderwyser beter in staat om te vereenvoudig en die geskiedenis sappiger en lewendiger voor te dra; blote afhanklikheid van die skoolgeskiedenisboek is 'n teken van geestelike stagnering. Dit is nie die handboek alleen wat vir die onderwyser moet werk nie, hy moet self buite die handboek om wye leeswerk verrig ter verryking van sy gees, om beter in staat te wees om die handboek te benut.

**F.A. van Jaarsveld:** *PROBLEME BY DIE ONDERRIG VAN GESKIEDENIS.*